JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2012

Moderators: Mev. A. Nell
Mev. X. Desai

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 EN 3) (30 PUNTE)

   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4) (10 PUNTE)

   AFDELING C: TAAL (VRAAG 5 EN 6) (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die VRAE korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Voer die opdragte by elke vraag noukeurig uit.
5. Nommer in die middel van die bladsy.
6. Begin ELKE VRAAG op ‘n NUWE bladsy.
7. Skryf met ‘n BLOU PEN.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Trek ‘n streep na elke afdeling.

AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP
VRAAG 1 – KOERANT- en INTERNETARTIKEL

'Ek's nes bloukaas'

Rian se volle doopname is Rian Esli van Heerden.
Gebore 2 November 1973. Hy het skoolgegaan by Hoërskool Waterkloof (matriekklas 1991) en toe sy LLB graad verwerf by Tukkies. Sy radioloopbaan het draaie gaan loop by Tuks FM, Punt Geselsradio, Radio 702, OFM en mees onlangs, Jacaranda FM.

Op televisie het hy bekend geword as aanbieder van die geselsprogramme *Skuur* en *Voorblad* en is tans op KykNet se *Rian*. So tussendeur bied hy elke jaar 'n eenmansvertoning aan, skryf rubrieke vir tydskrifte en koerante en studeer vir 'n meestersgraad in maatskaplike sielkunde.

Hy is die bloukaas van die radiobedryf – 'n aangeleerde smaak.

So sê Rian van Heerden, wat die aanbieder van die oggendprogram van 06:00 tot 10:00 op Jacaranda 94.2 is.

Soos gewoonlik het dié omstrede radio- en TV-aanbieder gou hewige reaksie ontlok, ook in SMS'e en briewe aan Beeld. In 'n peiling op Beeld se webwerf was respondente gister feitlik eweredig verdeeld – 35% het gesê hulle hou nie van die program nie en 32% het gesê hulle geniet die program.

Die res van die *Complimentary Breakfast*-span is Ashley Hayden, Dianne Broodryk en Robbie Kruse.

Die kritiek verbaas Van Heerden nie. "Ek het mos nou maar 'n reputasie en ek dink mense reageer dikwels meer op die reputasie as op my." Hy dink dit is ook deels toe te skryf aan mense se teenstand teen verandering. "Mense se roetine in die oggend is vasgestel. Hulle *like* dit nie as jy daarmee mors nie." Dit is mense se reg om 'n mening te hê, sê hy. "Solank die *show* net nie lou is nie. As daar reaksie is, beteken dit mense luister."

Dit is juis sy plan om luisteraars iets te gee wat hulle nog nie voorheen in 'n ontbytradioprogram gehoor het nie en "hopelik hul grense te verbreed. Die hoofdoel bly om mense te vermaak."

Verwerk uit *Beeld* van 2012-01-09 en KykNet Webtusite

1.1. Wat is Rian se middelnaam? (1)

1.2. In watter jaar was Rian in Graad 12? (1)

1.3. Noem een ander radiostasie waarop Rian 'n omroeper was. (1)

1.4. Noem een TV-program wat Rian aangebied het? (1)

1.5. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee ‘n rede vir jou antwoorde. (2)

Rian skryf artikels net vir tydskrifte.

1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf net die nommer en die letter neer. (1)

Hoe oud is Rian as hy in 2 November 1973 gebore is?

a. 32

b. 37

c. 42

d. 44

1.7. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die nommer en die letter neer. (1)

Tukkies is ‘n Universiteit in …

a. Pretoria

b. Kaapstad.

c. Potchefstroom.

d. Bloemfontein.

1.8. Hoekom dink jy is Rian soos bloukaas – ‘n aangeleerde smaak? (2)

1.9. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee ‘n rede vir jou antwoorde. (2)

Meer mense het SMS’e gestuur om te sê hulle geniet die program.

1.10. Watter twee redes gee Rian vir die mense se kritiek teen hom? (2)

1.11. Noem een van Riaan se doelstellings met die oggendprogram op 94.2. (1)

1.12. Luister jy na die radio? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

[16]

EN

AFDELING A – Kyk- en LEESBEGRIP
VRAAG 2 – STROKIESPRENT.

- Lees die volgende strokiesprent versigtig deur.

2.1. Pas die karakters in Kolom A by hulle eienskappe in Kolom B. Skryf net die vraagnommer en die letter neer. (4)

Kolom A		Kolom B	
2.1.1.		A	Oneerlik.
2.1.2.		B	Doen halwe werk.
2.1.3.		C	Sukkel met Wiskunde.
2.1.4.		D	Hou nie van Taxi's nie.

2.2. Hou jy van Wiskunde? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
[5]

AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP
VRAAG 3 – FILMRESENSIE

- Lees die onderstaande resensie en beantwoord die vrae.

E'Lollipop

E'Lollipop het die land destyds verower. Dit was 'n voorbeeld van hoe die "nuwe Suid-Afrika" sou funksioneer.

Dit gaan oor die vriendskap tussen 'n swart en 'n wit seuntjie waar die Soweto-opstande in 1976 en militêre diensplig 'n einde van hulle vriendskap beteken het.

Dié rolprent loop die pad terug tot by hul herontmoeting. Dis emosioneel om 'n getuie te wees van die politieke situasies en rassisme wat dié mooi vriendskap vernietig het.

Tog is die rolprent nie oortuigend nie omdat die vertelstyl soms na 'n sepie lyk.

Die oplossings word te maklik gewys asof die werklike gebeure versag is om die rolprent kykersvriendelik te maak. Dus "glo" 'n mens die rolprent nie en kruip dit nie onder jou vel in nie.

Wandile Molebatsi se spel is sterk, maar Jason Hartman (die Idols-medewenner in 2009) is te lig in die broek vir die ingewikkelde rol van die wit man wat byna deur die weermag gebreek is.

Ons dink : 2 uit 5
Tipe Film : Ware lewensdrama.
Aktuers : Wandile Molebatsi en Jason Hartman.
Regisseur : Peter Bishai.
Ouderdomspbeperking : 16OG.
Uitreikingsdatum : Begin op 27 April.

Verwerk uit Huisgenoot van 12 April 2012

3.1. Waarvan was die film *E'Lolipop* 'n voorbeeld? (1)

3.2. Watter tipe film is E'Lollipop? (1)

3.3. Noem een faktor wat die twee seuns se vriendskap vernietig het? (1)

3.4. Hoekom is die rolprent nie oortuigend nie? (1)

3.5. Hoekom was die werklike gebeure versag? (1)

3.6. Kies die korrekte antwoord: Omdat die resesent die film 2 uit 5 gee kan ons sê hy dink die film is **(goed / nie goed nie).** (1)

3.7. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoorde. (2)

Jason Hartman se spel is sterker as Wandile s'n in die film.

3.8. Sal jy na die film gaan kyk? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[9]

AFDELING A TOTAAL – 30

EN

AFDELING B – OPSOMMING
VRAAG 4.

INSTRUKSIES

- Hier is wenke om jou te help studeer.
- Verdeel die wenke in dit wat jy MOET doen en NIE MOET DOEN NIE om beter te studeer.
- Skryf jou sinne puntgewys neer.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf, as die feite nie puntsgewys is nie of as jy nie die getal woorde aandui nie.

Studiewenke wat werk!

Om agter die boeke te sit is nooit lekker nie en dit help ook nie as jy nie 'n effektiewe manier het om te studeer nie. Ons het 'n **paar wenke** om jou te help:

Dis klaar 'n beloning as jy 'n goeie punt kry, maar somtyds het jy daar en dan 'n beloning nodig om jou aan die gang te hou. Laat jouself byvoorbeeld vyf minute se televisie-kyk toe vir elke hoofstuk wat jy leer of eet 'n stukkie sjokolade.

'n Hele notaboek vol geskrewe notas kan oorweldigend wees. So maak dit eenvoudig en tik die hoogtepunte uit. Dit sal sommer jou geheue verfris terwyl jy dit tik. Die tyd wat jy neem om dit te doen, tel ook as studeer omdat jy die inligting absorbeer terwyl jy dit deurlees, filtreer en tik.

Vat sommer 'n hele paar ruskanse, tot een elke 25 minute. Stap weg van jou studies vir sowat 3 tot 5 minute, gryp ietsie om te eet, praat met jou ma of stap rond in die huis en gaan sit dan weer en studeer weer. Moenie *Facebook* of Twiet of SMS nie, want dit gaan net jou aandag aftrek.

Wanneer jy studeer, veral iets soos Biologie, is dit 'n goeie idee om 'n klomp akronieme uit te dink om 'n klomp feite te onthou. Hoe snaakser jy dit maak, hoe makliker gaan jy dit onthou.

Visualiseer hoe jy 'n goeie punt kry. Dit klink dalk 'n bietjie snaaks, maar dit is baie effektief. Studies het al gewys dat atlete wat visualiseer hoe hulle goed doen, werklik goed presteer.

Moenie probeer om 'n klomp feite in jou kop te dwing die aand voor die toets nie. Nie net stres jy jou dood nie, maar jy gaan waarskynlik die meeste van die goed vergeet en jy gaan uitmis op slaap.

Eet goeie, gesonde kos, slaap ten minste vir 6 tot 8 uur en doen oefeninge. Dit help jou brein en liggaam om saam te werk.

AFDELING B TOTAAL : 10

EN

AFDELING C – TAAL

VRAAG 5 – WOORDGEBRUIK, WOORD- EN SINSTRUKTURE

Die taalvrae wat volg, is op die volgende stokiesprent gebaseer.

5.1. Kies die korrekte woord tussen hakies vir die konteks van die sin. (1)
Die sport is 50 miljoen **(jaar / jare)** gelede per ongeluk begin.

5.2. Skryf 'n samestelling van die twee woorde in hakies neer. (1)
Bofbal word op 'n diamantvormige **(sport+veld)** gespeel.

5.3. Gee een woord vir die vetgedrukte, onderstreepte woorde in hakies. (1)
Die **(<u>mense wat die sport ondersteun</u>)** sit na die wedstryd en kyk.

5.4. Kies die korrekte woord tussen hakies n.a.v. die prentjie en skryf die neer. (1)
Die **(kolwer / skeidsregter)** slaan die bal.

5.5. Skryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (1)
Hy slaan die bal.

5.6. Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord tussen hakies. (1)
Al die **(<u>speler</u>)** kry 'n beurt om te kolf.

5.7. Kies die korrekte voorsetsel in die hakies. (1)
Hy slaan die bal **(deur / agter / op)** die lug.

5.8. Kies die korrekte woord tussen hakies. (1)
Hy het **(gebesluit / besluit)** om heel laaste te kolf.

5.9. Skryf die verkleining van die vergedrukte, onderstreepte woord. (1)
Hy wil nou probeer om die **<u>bal</u>** te vang.

5.10. Voltooi die volgende idiomaties uitdrukking deur die regte woord te kies. (1)

Toe die beste kolwer uitgevang was, was dit die spyker in die _____.

a. muur.
b. plank.
c. deur.
d. doodskis.

5.11. Kies die korrekte indirekte rede van die onderstaande sin en skryf die sin neer. (1)

Die toeskouer sê: "Geluk met julle fantastiese spel."

a. Die toeskouer wens die span geluk toe met hulle fantastiese spel.
b. Die toeskouer wens die span geluk toe met julle fantastiese spel.
c. Die toeskouer wens die span ongeluk toe met julle fantastiese spel.
d. Die toeskouer wens die span ongeluk toe met hulle fantastiese spel.

5.12. Beantwoord die volgende vraag in die negatief / ontkennende vorm (2)
Sal die span ooit wen?

5.13. Verbind die volgende sinne met die woorde tussen hakies. (2)
Suid-Afrikaners is mal oor sport. Amerikaners is mal oor sport. (Nie alleen)
Begin so: Nie alleen Suid-Afrikaners…

5.14. Gee die teeoorgestelde geslag van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Hy is aangewys as **<u>sportman</u>** van die jaar.

5.15. Skryf die indirekte rede van die volgende sin. (2)
Anton: "Gooi die bal vir my, Pieter!"
Begin so: Anton beveel Pieter om …

5.16. Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies. (2)
Die span is geskok. Hulle het die wedstryd verloor. (omdat)

5.17. Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies. (1)
Die bouler sien nie die bal nie omdat hy na die skare kyk. (Aangesien)
Begin so: Aangesien die bouler na die skare kyk, …

5.18. Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Die span is **<u>moeg</u>** na die wedstryd.

5.19. Herskryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (2)
Die spelers speel elke Saterdag ‘n wedstryd by die skool.

5.20. Herskryf die sin en begin met die woord tussen hakies. (2)
Die kaptein herstel van ‘n besering. (Verlede jaar)

5.21. Gee die antoniem van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Om ‘n goeie speler te wees is **<u>maklik</u>**.

5.22. Skryf die volgende sin in die Indirekte Rede. (2)
Die afrigter vra: “Hoekom kan die span nie vandag speel nie?”
Begin so: Die afrigter vra hoekom …

5.23. Skryf die volgende sin in die Indirekte Rede. (2)
Die grasweduwee vra: “Speel julle alweer ‘n wedstryd?”
Begin so: Die grasweduwee vra of …

5.24. Gee ‘n sinoniem vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Die toeskouers **<u>lawaai</u>**.

5.25. Herskryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (2)
Waar het die span verlede jaar geoefen?

5.26. Herskryf die sin met die voegwoord tussen hakies. (2)
Die ondersteuner wil ‘n koeldrank koop dus gaan hy na die snoepwinkel. (toe)
Begin so: Die ondersteuner wou ‘n koeldrank koop…

5.27. Herskryf die sin met die korrekte woordorde. (1)
neem / die spandokter / na elke wedstryd / bloedtoetse.

5.28. Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Andile is ‘n **<u>goed</u>** sportman.

5.29. Herskryf die volgende sin in die aktiewe / bedrywende vorm. (2)
Deur wie sal die span die jaar afgerig word?

AFDELING C TOTAAL : 40

GROOTTOTAAL : 80